AGRI NOORD-KAAP NORTHERN CAPE

# 2025/2026 JAARVERSLAG

GRONDSAKE · ARBEID
LANDELIKE VEILIGHEID EN VEEDIEFSTAL
NATUURLIKE HULPBRONNE · EKONOMIE
OUDIT EN RISIKO



# AGRI NOORD-KAAP

*Die verteenwoordigende stem van georganiseerde landbou in die Noord-Kaap.*

Posbus 1094, Kimberley, 8300
Tel: 053 832 9595 · E-pos: bestuurder@agrink.co.za

# Inhoudsopgawe.

*Regsupdate en oorsig oor die aktiwiteite van Agri Noord-Kaap gedurende die 2025/2026-boekjaar.*


**Inleiding** .......... 3

**Grondsake** .......... 4

**Arbeid** .......... 8

**Landelike veiligheid en veediefstal** .......... 11

**Natuurlike hulpbronne** .......... 15

**Ekonomie** .......... 22

**Oudit- en risikokomitee** .......... 26

**Slotwoord** .......... 29

# Inleiding.

Die 2025/2026-boekjaar was gekenmerk deur beduidende uitdagings en geleenthede vir die landbousektor in die Noord-Kaap. Teen die agtergrond van toenemende regulatoriese druk, veranderende wetgewing, biosekuriteitsbedreigings, infrastruktuuruitdagings en ekonomiese onsekerheid, het Agri Noord-Kaap voortgegaan om die belange van sy lede op plaaslike, provinsiale en nasionale vlak te beskerm en te bevorder.

As die verteenwoordigende stem van georganiseerde landbou in die provinsie het Agri Noord-Kaap aktief deelgeneem aan verskeie beleids- en wetgewende prosesse deur sy betrokkenheid by Agri SA se Sentrums van Uitnemendheid, asook deur direkte skakeling met regeringsdepartemente, wetstoepassingsagentskappe, die regstelsel en ander belanghebbendes.

Gedurende die verslagjaar is besondere aandag gegee aan aangeleenthede wat 'n direkte impak op die volhoubaarheid van landbou-ondernemings het. Dit sluit onder meer grondhervorming, eiendomsreg, arbeidswetgewing, immigrasiebeleid, landelike veiligheid, veediefstal, vervolgingsprosesse, biosekuriteit en die implementering van verskeie nuwe wetgewende raamwerke in.

Agri Noord-Kaap het deurgaans 'n oplossingsgedrewe benadering gevolg en gefokus op konstruktiewe betrokkenheid eerder as konfrontasie. Die organisasie het voortgebou op bestaande vennootskappe met die Suid-Afrikaanse Polisiediens, die Nasionale Vervolgingsgesag, die Departement Arbeid, die Departement van Binnelandse Sake, die Departement Paaie, Eskom, die Departement Water en Sanitasie, en die Departement Landbou en Landelike Ontwikkeling.

Die verslag wat volg gee 'n oorsig van die belangrikste verwikkelinge, insette, betrokkenheid en prestasies binne die onderskeie fokusgebiede van grondsake, arbeid, landelike veiligheid, natuurlike hulpbronne en ekonomie gedurende die 2025/2026-boekjaar. Dit weerspieël Agri Noord-Kaap se voortdurende verbintenis tot die bevordering van 'n volhoubare en mededingende landbousektor in die Noord-Kaap.

# Grondsake.

Die 2025/2026-boekjaar is gekenmerk deur beduidende beleids-, wetgewende en regsverwikkelinge binne die grondhervormings- en grondsake-omgewing. Agri Noord-Kaap het deur sy deelname aan Agri SA se Grond Sentrum van Uitnemendheid aktief deelgeneem aan nasionale prosesse rakende onteiening, grondhervorming, verblyfreg, grondeienaarskap, grondbesetting en boere-ontwikkeling.

Die fokus van Agri Noord-Kaap was deurgaans gerig op die beskerming van eiendomsregte, die bevordering van regsekerheid, die ondersteuning van produktiewe landbougrond as strategiese nasionale bate, en die bevordering van praktiese en volhoubare grondhervormingsoplossings.

## Beleidsherbevestiging en grondbeleid.

Gedurende die jaar het Agri SA 'n omvangryke beleidsherbevestigingsproses van stapel gestuur om bestaande grondbeleidstandpunte te hersien, te verfyn en te versterk. Die proses het voortgebou op Agri SA se Holistiese Grondhervormingsplan van 2021 en het ten doel gehad om duidelike, gemandateerde beleidsposisies vir die organisasie te ontwikkel. Die proses het sterk klem geplaas op:

- Organisatoriese eenheid en beleidsbelyning.
- Grondvlakdeelname deur provinsies en kommoditeitsorganisasies.
- Praktiese oplossings vir grondhervormingsuitdagings.
- Versterking van Agri SA se geloofwaardigheid tydens openbare en politieke betrokkenheid.

Agri Noord-Kaap het aktief aan hierdie konsultasieproses deelgeneem en insette gelewer namens sy lede. Daar is erken dat georganiseerde landbou slegs effektief kan wees indien beleidsboodskappe konsekwent, realisties en oplossingsgedrewe bly.

## Onteieningswet.

Die implementering van die Onteieningswet het gedurende die verslagjaar steeds groot aandag geniet. Litigasie rakende die wet duur voort en sal waarskynlik bepalend wees vir toekomstige wysigings en die praktiese toepassing daarvan.

Agri SA bly bekommerd oor verskeie grondwetlike aspekte van die wet en monitor alle regsverwikkelinge noukeurig. Senior regsadviseurs bly betrokke om die sektor se belange te beskerm. Die besluit is geneem om nie op hierdie stadium openbare veldtogte rondom die wet te voer nie, totdat groter regsekerheid oor die uitkomste van die lopende regsprosesse bestaan.

Agri Noord-Kaap ondersteun hierdie benadering en sal voortgaan om lede in kennis te stel van enige betekenisvolle verwikkelinge wat die sekerheid van grondbesit of beleggingsvertroue kan beïnvloed.

## Grondeienaarskap en data-intelligensie.

Een van die belangrikste ontwikkelings gedurende die jaar was die verdere uitbreiding van Agri SA se Grondeienaarskap-intelligensieplatform. Die doel van die platform is om betroubare en objektiewe data oor grondbesit in Suid-Afrika te ontwikkel, sodat beleidsdebatte op feite eerder as aannames gebaseer kan word. Samewerking is uitgebrei met Statistiek Suid-Afrika, die Departement van

Openbare Werke en Infrastruktuur, en ander staatsinstellings, om toegang tot addisionele datastelle te verkry.

Die sektor erken steeds dat grondbesitdata in Suid-Afrika gefragmenteerd en onvolledig bly. Betroubare data word as 'n kernvereiste beskou vir verantwoordbare grondhervorming en beleidsontwikkeling.

Agri Noord-Kaap ondersteun die verdere ontwikkeling van die platform, aangesien dit kan bydra tot beter besluitneming, groter beleidsekerheid en meer ingeligte openbare debat oor grondbesit en transformasie.

## Grondhervorming en restitusie.

Die Grond Sentrum van Uitnemendheid het gedurende die jaar uitgebreide besprekings gevoer oor die volgende vyf kernpilare van grondhervorming: restitusie, herverdeling, verblyfsreghervorming, boere-ontwikkeling, en bestuur en administrasie.

### Restitusie.

Agri SA het sy bestaande beginsels ten opsigte van grondrestitusie herbevestig. Hierdie beginsels sluit in:

- Grondwetlik geankerde restitusie.
- Versnelling van onafgehandelde eise.
- Bemiddeling en onderhandelde skikkings.
- Ondersteuning na skikking.
- Beskerming van ekonomies lewensvatbare boerdery-eenhede.

Kommer is egter uitgespreek oor die stadige afhandeling van eise, administratiewe ondoeltreffendheid, en die negatiewe invloed wat langdurige onsekerheid op investering en produktiwiteit het.

Agri Noord-Kaap ondersteun die beginsel dat historiese ongeregtighede aangespreek moet word, maar dat dit op 'n wyse moet geskied wat voedselsekerheid, landbouproduktiwiteit en landelike ekonomiese stabiliteit beskerm.

### Herverdeling.

Daar is sterk konsensus bereik dat grondhervorming nie slegs gemeet behoort te word aan die hoeveelheid hektaar wat oorgedra word nie, maar eerder aan die volhoubaarheid van die uitkomste. Volgens Agri SA behoort sukses gemeet te word aan kriteria soos:

- Produktiwiteit.
- Werkskepping.
- Inkomstegenerering.
- Finansiële volhoubaarheid.
- Langtermyn lewensvatbaarheid.

Verskeie mislukkings binne bestaande grondhervormingsprojekte word steeds toegeskryf aan swak ondersteuning, onvoldoende mentorskap, beperkte toegang tot finansiering, en swak koördinering tussen staatsdepartemente.

**Verblyfsreghervorming.**

Veilige en verhandelbare verblyfreg bly 'n noodsaaklike voorwaarde vir investering, toegang tot finansiering, landbouproduktiwiteit en volhoubare ontwikkeling. Agri SA het sy ondersteuning vir die uitreiking van titelaktes en die uitbreiding van eienaarskap herbevestig. Terselfdertyd word beklemtoon dat wetgewing en beleid duidelik en juridies verdedigbaar moet wees om regsekerheid te verseker.

**ESTA en verblyfreg.**

Verskeie belangrike hofuitsprake rakende die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg (ESTA) is gedurende die jaar ontleed. Die howe plaas toenemend groter klem op streng nakoming van prosedures, konsultasievereistes, kennisgewingvereistes, akkommodasie-oorwegings, en munisipale verantwoordelikhede.

Hoewel die uitsprake nie die bestaande regsbeginsels fundamenteel verander het nie, dui dit op toenemende prosedurele vereistes vir grondeienaars. Agri Noord-Kaap moedig lede aan om ESTA-aangeleenthede met groot omsigtigheid te hanteer en tydig regsadvies in te win.

**Wysigingswetsontwerp op die voorkoming van onwettige uitsetting en onregmatige besetting van grond (PIE).**

Een van die belangrikste wetgewende verwikkelinge gedurende die jaar was die publikasie van die Konsep Wysigingswetsontwerp op die Voorkoming van Onwettige Uitsetting uit en Onregmatige Besetting van Grond. Agri SA het uitgebreide voorleggings voorberei waarin ernstige kommer uitgespreek is oor verskeie voorgestelde wysigings wat:

- Die koste van uitsettingsaansoeke kan verhoog.
- Regsprosesse kan vertraag.
- Verantwoordelikhede van die staat na private grondeienaars kan verskuif.
- Groter onsekerheid vir produktiewe landbougrond kan skep.

Besondere kommer is uitgespreek oor voorstelle wat sou kon vereis dat grondeienaars alternatiewe akkommodasie moet voorsien of finansier, asook oor die uitbreiding van definisies wat tydelike of opportunistiese grondbesetting moontlik onder dieselfde beskerming as gevestigde woningbesetting kan plaas.

Agri SA het sterk gepleit vir die behoud van die beginsel dat die staat die primêre verantwoordelikheid vir noodbehuising en alternatiewe akkommodasie dra. Die organisasie het ook beklemtoon dat produktiewe landbougrond, voedselsekerheid, waterinfrastruktuur, biosekuriteit en landelike werkgeleenthede spesifiek deur die wet erken moet word wanneer uitsettings oorweeg word.

Agri Noord-Kaap ondersteun hierdie standpunte ten volle en beskou die beskerming van produktiewe landbougrond as 'n nasionale prioriteit.

**Produsent-ontwikkeling en transformasie.**

Boere-ontwikkeling het gedurende die jaar sterk aandag ontvang. Die sektor het erken dat suksesvolle ontwikkeling die grootste kans op sukses het waar bedryfsorganisasies direk betrokke is by mentorskap, opleiding, studiegroepe, ontwikkelingsbefondsing en tegniese ondersteuning. Daar is ook beklemtoon dat ontwikkelingsprogramme beter gemeet en geëvalueer moet word om werklike impak te bepaal.

Agri Noord-Kaap ondersteun 'n produksiegedrewe benadering tot transformasie, waarin nuwe toetreders toegang kry tot vaardighede, finansiering, infrastruktuur en markte, om volhoubare landbou-ondernemings te vestig.

## Mynbou en grondgebruik.

Mynbou bly 'n belangrike kwessie vir georganiseerde landbou. Agri SA werk voort met die Mineraleraad van Suid-Afrika en ander belanghebbendes om grondeienaars beter te ondersteun rakende prospektering- en mynregte.

Riglyndokumente vir grondeienaars word hersien en opgedateer om groter duidelikheid te verskaf oor die regte en verantwoordelikhede van partye waar mynontwikkeling landbougrond raak. Vir die Noord-Kaap, waar grootskaalse mynbouaktiwiteite gereeld met landboubedrywighede oorvleuel, bly hierdie 'n strategiese fokusgebied.

## Landelike ontwikkeling.

Agri SA het gedurende die jaar aan die Nasionale Landelike Ontwikkelingsindaba deelgeneem. Die besprekings het gefokus op:

- Landelike infrastruktuur.
- Vaardigheidsontwikkeling.
- Toegang tot inligting.
- Titelakte-eienaarskap.
- Produktiwiteit in kommunale gebiede.

Die geleentheid is positief ontvang en het waardevolle geleenthede geskep vir verdere samewerking tussen die landbousektor en die staat rakende landelike ontwikkeling en grondadministrasie.

## Samevatting.

Grondsake het gedurende die verslagjaar een van die mees dinamiese beleids- en regsomgewings binne die landbousektor gebly. Agri Noord-Kaap het deur sy betrokkenheid by die Agri SA Sentrum van Uitnemendheid: Grondsake aktief deelgeneem aan die ontwikkeling van beleid, die monitering van wetgewing en die beskerming van lede se regte.

Die organisasie sal voortgaan om namens sy lede op te tree ten gunste van eiendomsregte, regsekerheid, volhoubare grondhervorming, veilige verblyfreg, produktiewe gebruik van landbougrond, voedselsekerheid en volhoubare landelike ontwikkeling. Agri Noord-Kaap bly verbind tot konstruktiewe deelname aan grondhervorming wat ekonomiese groei, transformasie en volhoubare landbouontwikkeling bevorder.

# Arbeid.

Arbeidsake was gedurende die 2025/2026-boekjaar steeds een van die belangrikste risikofaktore vir landbouprodusente. Wetswysigings, verhoogde inspeksies deur staatsdepartemente, immigrasiebeleid, die implementering van wysigings aan die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en Siektes (COIDA), sowel as die implementering van die Wysigingswet op Gelyke Indiensneming, het beduidende implikasies vir landbouwerkgewers ingehou.

Agri Noord-Kaap het deur sy deelname aan Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Arbeid verseker dat die belange van Noord-Kaapse produsente op nasionale vlak verteenwoordig word. Die fokus was om wetgewende verwikkelinge te monitor, praktiese oplossings te bevorder, en lede by te staan met die nakoming van arbeidswetgewing.

## Nasionale minimumloon.

Agri Noord-Kaap het gedurende die jaar voortgegaan met werk rakende die impak van die Nasionale Minimumloon op die landbousektor. Daar is besluit om voort te bou op bestaande navorsing eerder as om duur eksterne studies te laat doen. Die fokus sal wees op die verbetering van opnames, groter deelname deur produsente, en die versameling van meer verteenwoordigende data om toekomstige voorleggings aan die Nasionale Minimumloonkommissie te ondersteun.

Agri Noord-Kaap ondersteun hierdie benadering, aangesien die unieke uitdagings van die Noord-Kaap, insluitend groot geografiese afstande, lae bevolkingsdigtheid en arbeidsintensiewe bedrywe soos tafeldruiwe, pekanneute en groenteproduksie, dikwels nie voldoende in nasionale statistieke weerspieël word nie.

## Wysigings aan die Wet op Gelyke Indiensneming.

Gedurende die verslagjaar het die implementering van die Wysigingswet op Gelyke Indiensneming verdere aandag geniet. Die nuwe wetgewing stel sektorteikens vir aangewese werkgewers en verander die definisie van aangewese werkgewers na ondernemings met meer as 50 werknemers.

Agri SA het die regsproses wat deur Business Unity South Africa (BUSA) gevoer word noukeurig gemonitor voordat verdere regsaksies oorweeg word. Lede is aangemoedig om voort te gaan om aan bestaande wetsvereistes te voldoen totdat groter regsekerheid oor die toepassing van die nuwe bepalings bestaan.

Vir groter landbou-ondernemings kan die nuwe sektorteikens beduidende administratiewe en verslagdoeningsimplikasies inhou. Agri Noord-Kaap het deurgaans gepleit vir realistiese implementering wat die unieke samestelling van die landbou-arbeidsmag in ag neem.

## Immigrasiebeleid, buitelandse arbeid en korporatiewe visums.

Een van die belangrikste arbeidsaangeleenthede gedurende die jaar was die Departement van Binnelandse Sake se Konsep Hersiene Witskrif oor Burgerskap, Immigrasie en Vlugtelingbeskerming.

Agri SA het die beginsel van werkskepping vir Suid-Afrikaners ondersteun, maar terselfdertyd beklemtoon dat die landbousektor steeds in baie gebiede afhanklik is van buitelandse arbeid, veral vir seisoenale en ongeskoolde werk. Die huidige korporatiewe visumstelsel is geïdentifiseer as administratief omslagtig, duur en onprakties vir landbou.

Landbou verteenwoordig ongeveer 91% van alle korporatiewe visums wat toegestaan word. Agri SA het dus voorgestel dat die huidige korporatiewe visumstelsel vervang word met 'n sektorale visumstelsel wat op bedryfsvlak bestuur word. So 'n stelsel sal:

- Die administratiewe las verminder.
- Beter staatsmonitering moontlik maak.
- Dokumentasie van buitelandse werkers verbeter.
- Gelyke toegang vir kleiner boerderye verseker.
- Die werklikheid van landbou se arbeidsbehoeftes erken.

Terselfdertyd het Agri SA beklemtoon dat buitelandse arbeid nie plaaslike werkers moet verdring nie, maar as aanvulling tot plaaslike indiensneming moet dien.

Agri Noord-Kaap ondersteun hierdie benadering. Die unieke arbeidsrealiteite van die Noord-Kaap, waar plase dikwels afgeleë is en plaaslike arbeidsbeskikbaarheid beperk kan wees, noodsaak 'n werkbare en praktiese immigrasiestelsel wat ekonomiese volhoubaarheid ondersteun.

## Arbeidsinspeksies.

Arbeidsinspeksies deur die Departement van Indiensneming en Arbeid het gedurende die jaar voortgeduur. Agri SA het verskeie uitdagings rakende die konsekwente toepassing van inspeksieprosedures tussen provinsies geïdentifiseer. In sommige provinsies is volledige finansiële state versoek, terwyl ander provinsies slegs arbeidsverwante finansiële inligting vereis het. Agri SA is van mening dat inspeksies op arbeidsverwante inligting behoort te fokus, en nie op volledige besigheidsfinansies nie.

Vanuit 'n Noord-Kaapse perspektief was die verhouding tussen Agri Noord-Kaap en die Departement van Indiensneming en Arbeid oor die algemeen positief. Arbeidsinspeksies is professioneel hanteer en die organisasie het relatief min formele klagtes van lede ontvang rakende die optrede van inspekteurs.

Agri Noord-Kaap het egter voortdurend die belangrikheid van biosekuriteit tydens plaasbesoeke beklemtoon, veral teen die agtergrond van Bek-en-Klouseer-uitbrekings elders in die land. Die risiko van inspekteurs wat verskeie plase op een dag besoek, is op nasionale vlak onder die aandag van die departement gebring.

Gedurende die jaar het Agri SA ook uitgebreide riglyne oor arbeids- en immigrasie-inspeksies aan lede beskikbaar gestel, insluitend dokumentasievereistes, gesondheids- en veiligheidsnakoming, COIDA-verpligtinge en die indiensneming van buitelandse werkers.

## Wysigings aan die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en Siektes (COIDA).

'n Belangrike verwikkeling gedurende die verslagjaar was die implementering van die Wysigingswet op Beroepsbeserings en -Siektes, Wet 10 van 2022. Hoewel die kernverpligtinge van werkgewers

onveranderd bly, versterk die wysigings die administrasie en afdwinging van die vergoedingsfondsstelsel aansienlik.

Werkgewers moet steeds:

- Alle werknemers, insluitend seisoenale werkers, registreer.
- Jaarlikse opgawes van verdienste indien.
- Heffings betaal.
- Beroepsbeserings en beroepsiektes betyds rapporteer.

Die grootste verandering is die aansienlike uitbreiding van inspeksie- en afdwingingsbevoegdhede, sowel as verhoogde boetes vir nie-nakoming. Werkgewers wat werknemers nie registreer nie, verdienste verkeerd verklaar, of versuim om beserings aan te meld, kan nou aan veel strenger administratiewe optrede onderwerp word.

Die wysigings brei ook COIDA-dekking uit na huishoudelike werkers, wat relevant kan wees vir boere wat huishoudelike personeel in hul privaat wonings in diens het.

## Agri Noord-Kaap COIDA-webinar.

Om lede te ondersteun met die implementering van die nuwe COIDA-bepalings, het Agri Noord-Kaap gedurende die verslagjaar 'n inligtingswebinar aangebied wat spesifiek gefokus het op die praktiese implikasies van die wysigingswet. Die webinar het onder meer die volgende aspekte behandel:

- Registrasie van alle werknemers by die Vergoedingsfonds.
- Verpligte rapportering van beroepsbeserings.
- Rekordhouding en dokumentasievereistes.
- Uitgebreide inspeksiebevoegdhede van inspekteurs.
- Verhoogde boetes en rente op uitstaande heffings.
- Bestuur van ongelukregisters.
- Nakoming tydens arbeidsinspeksies.
- Die belangrikheid van tydige en korrekte jaarlikse opgawes.

Die terugvoering van deelnemers was positief en het bevestig dat produsente 'n toenemende behoefte het aan praktiese leiding oor arbeidswetgewing en administratiewe nakoming.

## Samevatting.

Arbeidsake bly een van die mees dinamiese en regulatoriese uitdagings vir die landbousektor. Gedurende die verslagjaar het Agri Noord-Kaap aktief deelgeneem aan nasionale beleidsprosesse rakende immigrasie, gelyke indiensneming, arbeidsinspeksies en COIDA.

Agri Noord-Kaap bly verbind tot konstruktiewe samewerking met die Departement van Indiensneming en Arbeid, die Departement van Binnelandse Sake en Agri SA, ten einde 'n volhoubare arbeidsomgewing vir die landboubedryf te verseker.

# Landelike veiligheid en veediefstal.

Agri Noord-Kaap het sy betrokkenheid op plaaslike, provinsiale en nasionale vlak verder uitgebrei deur aktiewe deelname aan die Agri SA Sentrum van Uitnemendheid: Landelike Veiligheid, en gereelde skakeling met die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG), die Landelike Veiligheid Prioriteitskomitee, die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) en ander rolspelers binne die strafregstelsel.

Die fokus was gerig op die versterking van samewerking tussen georganiseerde landbou en wetstoepassingsinstansies, die bekamping van veediefstal en georganiseerde misdaad, die verbetering van vervolgingsprosesse, asook die bevordering van die effektiewe implementering van die Nasionale Landelike Veiligheidstrategie.

## Versterking van verhoudinge met die SAPD.

Gedurende Junie 2026 het Agri Noord-Kaap en RPO Noord-Kaap 'n proses begin om die verskillende distrikskommissarisse, senior SAPD-bestuur en stasiebevelvoerders regoor die provinsie te besoek. Die eerste besoek het op 23 Junie 2026 plaasgevind met Generaal-majoor ZFM Macaue, Distrikskommissaris van die ZF Mgcawu-distrik in Upington.

Die doel van hierdie besoeke was om bestaande verhoudinge te versterk, uitdagings op grondvlak te identifiseer, en groter samewerking tussen georganiseerde landbou en die SAPD te bevorder. Die gesprekke is gekenmerk deur openhartige en konstruktiewe betrokkenheid, waar beide partye hul verbintenis bevestig het om saam te werk tot voordeel van veiliger landelike gemeenskappe.

## Vertroue, respek en kommunikasie.

Een van die belangrikste temas wat tydens die gesprekke na vore gekom het, was die noodsaaklikheid van vertroue, wedersydse respek en effektiewe kommunikasie tussen landbougemeenskappe en die SAPD.

Agri Noord-Kaap het beklemtoon dat boere die SAPD as vennote in die stryd teen misdaad beskou, en nie as teenstanders nie. Daar is egter uitgewys dat baie van die frustrasies wat produsente ervaar verband hou met telefone wat nie beantwoord word nie, gebrekkige terugvoer aan klaers, onvoldoende kommunikasie rakende ondersoeke, en onsekerheid oor die vordering van sake.

Die SAPD het erken dat kommunikasie verbeter kan word en het onderneem om groter toeganklikheid en terugvoer aan gemeenskappe te verseker.

## Leierskap op polisiekantoorvlak.

Agri Noord-Kaap het die belangrike rol van stasiebevelvoerders beklemtoon. Daar is aangedui dat die gehalte van polisiëring grootliks bepaal word deur die leierskap binne individuele polisiekantore. Effektiewe bestuur, aanspreeklikheid en dissipline dra direk by tot beter dienslewering en groter gemeenskapsvertroue. Die organisasie het die verwagting uitgespreek dat stasiebevelvoerders as gemeenskapsleiers moet optree en 'n voorbeeld van professionaliteit, integriteit en aanspreeklikheid moet stel.

## Veediefstal bly 'n prioriteit.

Veediefstal bly een van die grootste veiligheidsuitdagings waarmee Noord-Kaapse produsente gekonfronteer word. Gedurende die jaar het Agri Noord-Kaap en RPO Noord-Kaap herhaaldelik die noodsaaklikheid daarvan beklemtoon dat plaaslike SAPD-lede onmiddellik op veediefstalsake moet reageer en ondersoeke moet begin, totdat die Veediefstaleenheid die saak kan oorneem. Agri Noord-Kaap en die RPO Noord-Kaap het daarop gewys dat:

- Elke uur wat verlore gaan die kans op suksesvolle vervolging verminder.
- Bewyse verlore kan gaan.
- Verdagte persone makliker kan ontsnap.
- Diere oor provinsiale en internasionale grense vervoer kan word.

Die SAPD het erken dat die Veediefstaleenhede onder groot druk funksioneer as gevolg van die omvang van die Noord-Kaap, beperkte hulpbronne en personeeltekorte.

## Verbetering van reaksietye.

Agri Noord-Kaap het gedurende die jaar voortdurend gepleit vir verbeterde reaksietye op misdaadtonele. Vinnige reaksie bly noodsaaklik vir die beveiliging van bewyse, die identifisering van verdagtes, die sukses van ondersoeke, en die herstel van gemeenskapsvertroue. Die SAPD het erken dat reaksietye steeds 'n uitdaging bly en het bevestig dat dit daagliks gemonitor word.

## Bekamping van korrupsie.

Korrupsie binne die strafregstelsel bly een van die grootste bedreigings vir suksesvolle landelike veiligheid. Tydens verskeie gesprekke is kommer uitgespreek oor die uitlek van operasionele inligting, waarskuwings aan verdagtes voor operasies, en die moontlike betrokkenheid van staatsamptenare by misdaadaktiwiteite.

Die SAPD het 'n duidelike standpunt ingeneem dat korrupsie nie geduld sal word nie en dat alle oortreders aanspreeklik gehou moet word. Agri Noord-Kaap het hierdie benadering ondersteun en beklemtoon dat vertroue slegs herstel kan word indien korrupsie konsekwent aangespreek word.

## Grensveiligheid en sigbare polisiëring.

Die Noord-Kaap se uitgebreide grensgebiede met Namibië en Botswana plaas besondere druk op wetstoepassingsagentskappe. Agri Noord-Kaap het versoek dat sigbare polisiëring in grens- en afgeleë landbougebiede verder uitgebrei word. Hierdie behoefte is verder beklemtoon deur die uitbreking van Bek-en-Klouseer elders in Suid-Afrika, wat groter fokus op bewegingbeheer, biosekuriteit en wetstoepassing genoodsaak. Die SAPD het bevestig dat grensveiligheid reeds 'n prioriteit is en dat verskeie gesamentlike operasies in grensgebiede voortgaan.

## Beskerming van informante.

Agri Noord-Kaap het die belangrike rol van informante en gemeenskapslede wat inligting verskaf beklemtoon, en versoek dat identiteite streng beskerm word, vertroulikheid gehandhaaf word, en

informante nie aan vergelding blootgestel word nie. Die SAPD het bevestig dat informante 'n kritieke rol speel in die suksesvolle bekamping van misdaad.

## Samewerking met die Nasionale Vervolgingsgesag.

Op 9 Februarie 2026 het Agri Noord-Kaap en RPO Noord-Kaap 'n strategiese vergadering met die Nasionale Vervolgingsgesag gehou om samewerking rakende landelike misdaad en veediefstal te versterk. Die gesprek het gefokus op:

- Kommunikasie tussen staatsaanklaers en klaers.
- Vonnisoplegging in veediefstalsake.
- Paroolprosesse.
- Samewerking tussen die NVG en SAPD.
- Hofuitstelle.
- Onttrekking van sake.
- Opleiding van staatsaanklaers.
- Hantering van ou en vertraagde sake.

'n Belangrike uitkoms was die erkenning dat suksesvolle landelike veiligheid nie by arrestasies eindig nie, maar afhanklik is van 'n funksionerende strafregstelsel waar ondersoeke, vervolging en vonnisoplegging effektief geskied.

## Fokus op veediefstalvervolgings.

Agri Noord-Kaap het sterk gepleit vir swaarder vonnisse vir veediefstal, erkenning van die ekonomiese impak van veediefstal, beter waardasie van vee (veral stoetdiere), en groter konsekwentheid in hofprosesse. Die organisasie het beklemtoon dat veediefstal nie bloot 'n eiendomsverwante misdaad is nie, maar 'n direkte bedreiging vir voedselsekerheid, ekonomiese stabiliteit en landelike werkgeleenthede.

## Opleiding en kapasiteitsbou.

Gedurende die jaar het Agri Noord-Kaap en RPO Noord-Kaap aangebied om saam met die NVG opleidingsprogramme vir staatsaanklaers en relevante personeel te fasiliteer, ten opsigte van veediefstalwetgewing, landboupraktyke, waardasie van vee, hantering van georganiseerde misdaadsake, en die praktiese implikasies van veediefstal vir produsente. Hierdie inisiatief sal na verwagting gedurende die volgende verslagjaar verder ontwikkel word.

## Agri SA Sentrum van Uitnemendheid: Landelike Veiligheid.

Agri Noord-Kaap het gedurende die jaar aktief deelgeneem aan die Agri SA Sentrum van Uitnemendheid: Landelike Veiligheid.

### Hersiening van die Nasionale Landelike Veiligheidstrategie.

Agri SA het 'n omvattende voorlegging ingedien oor die hersiening van die strategie. Die fokus was op kapasiteitstekorte binne die SAPD, beskikbaarheid van voertuie, personeeltekorte, befondsingsuitdagings, en aanspreeklikheid en implementering op grondvlak. Agri Noord-Kaap het insette gelewer tot hierdie proses.

**Plaastoegangsprotokol en biosekuriteit.**

Gedurende die jaar is 'n biosekuriteitsaddendum vir die bestaande Plaastoegangsprotokol ontwikkel. Agri SA ondersoek ook die ontwikkeling van standaard werksprosedures vir politieke besoeke aan plase gedurende verkiesingstye.

**Brandstofkoste en wetstoepassing.**

Agri SA het voortgegaan om die impak van hoë brandstof- en dieselpryse op die operasionele vermoë van die SAPD en SANW onder die aandag van die relevante owerhede te bring. Hierdie aangeleentheid bly van besondere belang vir die Noord-Kaap, waar groot afstande reaksietye en operasionele kapasiteit beïnvloed.

**Wysigingswetsontwerp op vuurwapenbeheer.**

Agri SA het die ontwikkeling van die voorgestelde wysigings aan die Wet op Vuurwapenbeheer noukeurig gemonitor en deelgeneem aan verskeie NEDLAC-prosesse. Agri Noord-Kaap ondersteun die beginsel dat wettige vuurwapeneienaars, veral in landelike gebiede, nie onnodig benadeel moet word nie.

**Onwettige mynbou.**

Onwettige mynbou het toenemend as 'n landelike veiligheidsrisiko na vore getree. Agri SA werk tans saam met die Mineraleraad en ander rolspelers om voorvalle beter te monitor, data te versamel, die impak op landbougemeenskappe te bepaal, en 'n gekoördineerde reaksieraamwerk te ontwikkel. Vir die Noord-Kaap, met sy uitgebreide mynbedrywighede, sal hierdie onderwerp waarskynlik toenemende aandag geniet.

# Natuurlike hulpbronne.

Hierdie afdeling bied 'n oorsig van die aktiwiteite, uitdagings en prestasies van Agri Noord-Kaap se twee komitees wat toesig hou oor natuurlike hulpbronne, naamlik die Omgewingsakekomitee en die Watersakekomitee. Die verslag dek die tydperk vanaf September 2025 tot Julie 2026, en is saamgestel uit die notules van komiteevergaderings, korrespondensie met owerhede en samewerkingsvennote, asook verwante verslae wat gedurende die tydperk ontvang is.

Die twee komitees speel 'n sentrale rol in die beskerming van lede se regte en belange met betrekking tot grond, water, biodiversiteit en mynbou-verwante ontwikkeling in die Noord-Kaap. Die verslag word aangebied in twee hoofafdelings: Afdeling A handel oor omgewingsake, en Afdeling B oor watersake.

## Afdeling A: Omgewingsake.

Die Omgewingsakekomitee het gedurende die verslagtydperk aandag gegee aan 'n wye reeks kwessies, insluitend prospektering en mynbou-ontwikkeling, plaagbestuur, rampbestuur, indringerplantspesies, skaliegasontginning (hidrobreking), bestuur van nasionale parke, en kernkrag- en kernafvalbestuur.

### 1. Prospektering, mynbou-ontwikkeling en die databasisplatform.

Die aantal prospektering- en ontwikkelingsaansoeke in die Noord-Kaap het gedurende die jaar aansienlik toegeneem. Agri Noord-Kaap bly deurlopend geregistreer as belanghebbende party by relevante aansoeke om lede se regte te beskerm.

'n Sleutelverwikkeling was die integrasie van Agri Noord-Kaap se omgewings- en ontwikkelingsdatabasis met 'n nuwe geïntegreerde Agri SA-platform. Hierdie platform maak voorsiening vir die rapportering van prospekteringsregte, infrastruktuurprobleme, veiligheidsaangeleenthede, Eskom-kwessies, plae en ander landboukwessies, met die doel om historiese data op te bou, tendense te identifiseer en meer effektiewe voorspraak te ondersteun.

Prospektering-inligtingstuk. Die komitee het 'n konsep-inligtingstuk ontwikkel en goedgekeur (onderhewig aan finale kommentaar) wat as 'n eenvoudige, toeganklike praktiese gids vir grondgebruikers dien. Die dokument verduidelik onder meer die tersaaklike wetgewing (die Grondwet en die Wet op Minerale en Petroleum Hulpbronne), die vereistes voordat 'n prospekteerder wettig toegang tot 'n eiendom kan verkry, die prosedure vir prospekteringsreg-aansoeke, die rol van die Omgewingbestuursplan, en die beginsels rondom Oppervlakgebruik-ooreenkomste en vergoeding aan grondeienaars.

Opleidingswebinare. As gevolg van die sterk toename in navrae rakende prospektering en omgewingsgoedkeurings, is daar besluit om 'n reeks opleidingswebinare vir lede te ontwikkel. Onderwerpe sluit in vooruitsigbepalings (scoping), omgewingsimpakstudies, Omgewingsbestuursprogram-dokumente, openbare deelnameprosesse, grondgebruiksveranderinge, en wind- en sonkragontwikkelinge.

### 2. Plae: sprinkane, muggies en voëlskade.

Agri Noord-Kaap en die Departement van Landbou het hul samewerking rondom migrerende plae versterk, met verbeterde kommunikasiekanale en reaksieprosedures om vinniger waarskuwings en terugvoering aan produsente te verskaf.

- Voëlskade: skade deur spreeus en ander voëlspesies in die Laer-Oranjeriviergebied word ondersoek deur die departement. Produsente word aangemoedig om gevalle waar skade gely is deeglik aan te meld.
- Sprinkane: klem word gelê op behoorlike opleiding, beskermende toerusting en veilige hantering van plaagbeheermiddels.
- Muggies: Agri SA doen navorsing om die oorsake van die toename in die muggieplaag te bepaal. Agri Noord-Kaap ontvang samewerking vanaf Eskom en Waterwese in hierdie verband en wag op navorsingsuitslae voordat verdere stappe geneem word.

### 3. Rampbestuur en veldbrande.

Agri Noord-Kaap het 'n memorandum van ooreenkoms met die Noord-Kaap Sambreel-Brandbeskermingsvereniging (NKSBBV) onderteken wat die organisasie se betrokkenheid by die voorkoming van veldbrande uiteensit. Die noodsaaklikheid daarvan dat grondeienaars die erns van veldbrande besef, en dat brandbeskermingsverenigings behoorlik funksioneer, is beklemtoon.

Die nuwe geïntegreerde databasisplatform sal ook gebruik word om rampbestuursinligting soos veldbrande en sprinkaanuitbrekings te monitor, met die oog op die ontwikkeling van vroeë waarskuwingstelsels.

### 4. Indringer- en probleemplantspesies.

Prosopis-taakspan. Die Prosopis-taakspan het 'n werksessie saam met Namibië en Botswana se omgewingsdepartemente gehou, alhoewel die Suid-Afrikaanse Departement van Omgewingsake nie teenwoordig was nie. Projekte om Prosopis deur lugbespuiting te bestry, sukkel steeds om van die grond af te kom, hoofsaaklik omdat die Departement van Omgewingsake nie die voorgestelde plantdoders wil goedkeur nie, ondanks voldoende regulatoriese en wetenskaplike bewyse dat hierdie middels wettig geregistreer is. Bespuitings word beplan in Calvinia om momentum aan die projek te gee, met dien verstande dat Prosopis slegs gedurende die groeiseisoen bespuit kan word.

Agri Noord-Kaap het die Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing (DFFE) skriftelik in kennis gestel dat die organisasie nie oor die fondse beskik om plantdoders vir die Prosopis-lugbespuitingsprogram te voorsien nie, en het versoek dat die aangeleentheid na nasionale vlak geëskaleer word vir moontlike befondsingsondersteuning.

Kaktusbesmettings. Daar is gebiede in die Noord-Kaap waar kaktusplante as indringerspesies problematies bly. Biologiese beheermaatreëls is beskikbaar, en grondeienaars kan die Omgewingsakekomitee vir bystand kontak.

### 5. Hidrobreking (skaliegasontginning) en risikoregisters.

Wetgewing en regulasies rondom skaliegasontginning deur hidrobreking is steeds nie volkome in plek nie. Daar is tans 'n moratorium op die uitreiking van eksplorasieregte vir hierdie doel. Agri SA het 'n spesifieke mandaat rakende hidrobreking, hoofsaaklik as gevolg van die beperkte beskikbaarheid van waterbronne in die betrokke gebiede.

Twee stukke kritieke wetgewing, naamlik tegniese regulasies ingevolge die Nasionale Waterwet en die Nasionale Omgewingsbestuurswet, is steeds uitstaande, en geen hidrobreking kan plaasvind voordat hierdie regulasies gefinaliseer is nie. Agri SA, Agri Noord-Kaap, Agri Oos-Kaap en Agri Wes-Kaap neem gesamentlik deel aan alle wetgewende prosesse in hierdie verband.

**6. Bestuur van nasionale parke.**

Namakwa Nasionale Park. Lede van Agri Namakwaland ervaar steeds probleme met die bestuur van die Namakwa Nasionale Park, veral rakende roofdierpredasie en die toestand van grensheinings. 'n Opname onder 42 boere in en om die park het aan die lig gebring dat 97% van respondente van mening is dat die parkomheinings onvoldoende is om roofdiere binne te hou. Geen respondente is van mening dat die park voldoende ondersteuning aan naburige boere bied nie.

Ondanks maatreëls soos versterkte omheinings, nagkrale, waghonde en nagpatrollies, hou veeverliese aan. Agri Noord-Kaap en Agri Namakwaland werk saam om met die betrokke owerhede te skakel en 'n gestruktureerde, samewerkende platform vir voortdurende kommunikasie te vestig, en het formeel 'n vergadering met die departement aangevra om duidelikheid oor die park se bestuursraamwerk te verkry.

Karoo Nasionale Park. 'n Taakspan is gestig wat as forum dien vir alle belanghebbendes by die Karoo Nasionale Park, met 'n fokus op roofdierstudies binne 'n 80km-radius rondom die park. Die Mier-area ervaar eweneens probleme met roofdiere vanuit die Kgalagadi-Oorgrenspark, en verdere kommunikasieplatforms met die betrokke parkerade word beoog.

**7. Kernkrag en kernafvalbestuur.**

Agri Noord-Kaap het 'n voorlegging ingedien rakende die verlenging van Koeberg Eenheid 2 se bedryfslisensie, en die voorgestelde oprigting van 'n Sentrale Tussentydse Bergingsfasiliteit (CISF), moontlik by Vaalputs. Kernkwessies wat geopper is, sluit die volgende in:

- Die verband tussen Koeberg se lewensverlenging en die toenemende hoeveelheid hoëgraad-radioaktiewe afval wat gegenereer word, terwyl Koeberg se bergingsfasiliteite reeds byna vol is.
- Vaalputs is tans slegs ontwerp, gemagtig en bedryf as 'n bergingsfasiliteit vir lae- en mediumgraad-radioaktiewe afval; daar bestaan kommer dat dit by verstek as 'n tussentydse hoëgraad-bergingsterrein gebruik sal word.
- Bestaande bekommernisse oor Vaalputs se omgewingsbestuur, veiligheidsbeplanning, vervoerrisiko's en gemeenskapskonsultasie.
- Onduidelikheid oor watter instansies verantwoordelik is vir die vervoer en hantering van kernafval na Vaalputs.

Terugvoering bevestig dat die operateur op Vaalputs (NRWDI) reeds geregistreer en aangewys is, en tans besig is om lisensiëring as operateur af te handel, insluitend 'n aansoek vir die berging van hoëgraad-kernafval. 'n Tussentydse bergingsfasiliteit word beoog vir ontwikkeling teen ongeveer 2030, met 'n beoogde gebruiksduur van 30 tot 60 jaar, terwyl aansoek vir 'n permanente fasiliteit (beoogde leeftyd van ongeveer 300 jaar) nog nie by die NNR (Nasionale Kernkragreguleerder) gedoen is nie.

Aangesien hierdie aangeleentheid oor provinsiale grense heen strek en verskeie regeringsentiteite raak, het Agri Noord-Kaap Agri SA se leiding gevra oor waar dit binne Agri SA se strukture gekoördineer behoort te word.

### 8. PDALFA-regulasies (bewaring en ontwikkeling van landbougrond).

Die gepubliseerde konsepregulasies ingevolge die Wet op die Bewaring en Ontwikkeling van Landbougrond word as belangrik beskou vir die beskerming van hoëpotensiaal-landbougrond teen onbeheerde ontwikkeling. Agri Noord-Kaap ondersteun deelname aan die openbare kommentaarproses, en berei kommentaar op die regulasies voor tesame met Agri SA.

## Afdeling B: Watersake.

Die Watersakekomitee het gedurende die verslagtydperk aandag gegee aan wetgewende hervormings, waterkwaliteit en -klassifikasie, die Rouwaterprysstrategie, riviervloei en -bestuur, grondwaterregulasies, en samewerking met streeks- en internasionale vennote.

### 1. Wysiging van die Nasionale Waterwet (NWA) en Waterdienstewet (WSA).

Die voorgestelde wysigings aan die Nasionale Waterwet en Wet op Waterdienste is deur die kabinet goedgekeur en na die Parlementêre Portefeuljekomitee verwys. Die wysigings word as radikaal beskou en hou beduidende implikasies vir watergebruikers in, veral met betrekking tot die oordraagbaarheid van watergebruiksregte en verpligte lisensiëring.

Agri SA se kernstandpunt is dat watergebruiksregte wetlik erkende eiendom is ingevolge Artikel 25 van die Grondwet en Artikel 22 van die Nasionale Waterwet, en dat enige hersiening, beperking of hertoewysing van waterlisensies deur behoorlike prosedure en vergoeding vergesel moet word waar ekonomiese benadeling ontstaan. Agri SA is voorts sterk gekant teen beperkings op die oordrag van watergebruiksregte (waterhandel), aangesien tydelike oordragte noodsaaklik is vir wisselbou, droogtebestuur en doeltreffende besproeiingsbestuur. 'n Beperking van 24 maande word as onprakties beskou, met 'n langer termyn (byvoorbeeld 4 jaar) voorgestel.

Agri Noord-Kaap het reeds kommentaar op die Wet op Waterdienste ingedien nadat dit vir openbare kommentaar oopgestel is. Voorgestelde regulasies rakende die lewering van waterdienste aan bewoners van grond word deurlopend gemonitor om te verseker dat alle grondeienaars en plaaswerkers toegang tot veilige water het.

Tendense wat ondervind word, en rede tot kommer is, is die vermindering van watervolumes tydens die hernuwing van waterlisensies, en die gebruik van SAPWAT-syfers deur die Departement van Watersake (DWS) om sodanige besluite te motiveer.

### 2. Regulasies vir die beskerming en bestuur van grondwater.

Die Minister van Water en Sanitasie het op 10 Desember 2025 voorgestelde regulasies ingevolge die Nasionale Waterwet vir die beskerming en bestuur van grondwater gepubliseer. Die regulasies beoog onder meer streng vereistes vir boorgat-identifikasie, konstruksie en afsluiting, verpligte registrasie van alle boorgate en pompinstallasies op die Nasionale Grondwaterargief, monitering van watergebruik deur meters en jaarlikse verslagdoening, watergehaltetoetse deur geakkrediteerde laboratoriums, en munisipale abstraksielimiete.

Vir boere is dit veral belangrik dat boorgate nie naby begraafplase, krale of brandstofopslagplekke geboor mag word nie, dat oorskryding van munisipale abstraksielimiete 'n watergebruiklisensie sal vereis, en dat alle boorgate volgens SANS-standaarde geboor en bestuur moet word. AgriSA het 'n gesamentlike voorlegging oor die regulasies voorberei.

### 3. GariepWatch en watergehalte.

GariepWatch, 'n onafhanklike drukgroep, monitor deurlopend die watergehalte van die Oranjerivier en gebruik hoë-gehalte data om standpunte teenoor die departement te staaf. Sleutelbevindinge sluit die volgende in:

- Verhoogde E. coli-vlakke by Vaalharts (Maart 2025), hoofsaaklik weens munisipale rioolprobleme. Opgraderings by Jan Kempdorp en Douglas het reeds tot verbeterings gelei, maar nuwe probleme is by Douglas en Keimoes (rou riool in die rivier) geïdentifiseer.
- Toenemende soutkonsentrasies vanaf die Vaalrivier weens verhoogde watergebruik en verminderde vloei.
- Beswaar teen die departement se voorgestelde Klas 3-waterkwaliteitstandaarde en watergehaltedoelwitte, wat volgens GariepWatch se metings aansienlik verslap is in vergelyking met werklike toestande (byvoorbeeld voorgestelde E. coli-tellings tot 130 teenoor 'n aanbevole 30 tot 50, en fosfaatvlakke tot 60 keer hoër as gemete waardes).

Die moniteringsprogram, wat reeds byna agt jaar aan die gang is en in samewerking met die Universiteit Stellenbosch se Waterinstituut bedryf word, lewer waardevolle langtermyndata oor soutvlakke en risiko's in die rivier. Agri Noord-Kaap ondersteun die finansiering van GariepWatch via vrywillige waterfondse.

### 4. Rouwaterprysstrategie.

Die nuwe Rouwaterprysstrategie van 2024/2027 fokus op doeltreffende watergebruik, kosteverhaling vanaf verbruikers, en die beginsel dat besoedelaars vir herstelkoste verantwoordelik gehou word. Skedule 1-watergebruik word van die tariefstelsel vrygestel, terwyl huishoudelike en industriële gebruikers verder onderverdeel word in kategorieë soos munisipaliteite, nywerhede en myne, strategiese verbruikers, bosbou en hidrokraggebruikers. 'n Driejaartermyn vir die strategie word voorgestel, en die strategie sal na verwagting eers in 2027 in werking tree.

Agri SA se Natuurlike Hulpbronkomitee het aan die sektor-spesifieke konsultasieproses deelgeneem en is deur die direkteur-generaal uitgesonder vir hul konstruktiewe bydrae. Lede het hul kommer uitgespreek dat geregistreerde watergebruikers die volle koste van tariewe dra, terwyl onwettige waterverbruik in die Vaalrivier steeds nie na behore aangespreek word nie. Daar is voorgestel dat 'n gedeelte van toekomstige tariefverhogings gebruik word om onwettige watergebruik en aansluitings te ondersoek. Die departement het onderneem om die laaste verifikasie- en validasieproses teen 2026 af te handel, waarna verwag word dat lisensiëring met implikasies vir die landbousektor sal volg.

### 5. Oranjerivier: vloei, bedryfsreëls en klassifikasie.

Damvlakke was in 2025 hoër as in 2024. Vloeidata vir die tydperk 2014 tot 2026 dui daarop dat minimumvloei-toestande veral gedurende 2020, 2024 en 2025 voorgekom het, met Oktober, November en Desember as kritieke maande. By die 9 April 2026-vergadering is voorts bevestig dat die

vloei in die Oranjerivier merkbaar laer is as in die verlede, met probleme by meetstrukture en loggers (veral by Marksdrift) wat verdere navorsing en gereelde kalibrasie van toerusting genoodsaak.

Toekomstige ontwikkelings wat die rivierstelsel sal beïnvloed, sluit in die Polihalidam (na verwagting operasioneel vanaf 2027, met onmiddellike impak op vloei), die Vioolsdriftdam (wat hoofsaaklik vir Namibiese besproeiing gebruik sal word, maar ook sal help met herbalansering aan die RSA-kant), en 'n toekomstige pyplyn van Gariep na Bloemfontein (beoog vir 2033/2034 om Bloemfontein se waterkrisis aan te spreek).

Die departement is voorts besig met die finale klassifikasie van die Oranjerivier ingevolge die Nasionale Klassifikasiestelsel vir Waterhulpbronne (Klasse 1 tot 3, gebaseer op gebruiksvlak, ekologiese kategorie en die vasstelling van 'n reserwe), 'n proses wat ook Lesotho, Namibië en Botswana raak weens die toenemende Namibiese besproeiingsbehoefte.

Die voorgestelde wysigings aan die Waterhulpbron-Klassifikasiestelsel kan beduidende implikasies vir die landbousektor inhou, insluitend strenger watergehalte- en hulpbronbeskermingsvereistes, moontlike beperkings op toekomstige watertoewysings, 'n groter administratiewe en nakomingslas by lisensie-aansoeke, en verhoogde bedryfskoste vir waterintensiewe bedrywe soos besproeiingslandbou, vrugteproduksie, wynbou en veeboerdery. Dit onderstreep hoe belangrik dit is dat georganiseerde landbou aktief aan die konsultasieproses deelneem om voedselsekerheid en landelike ekonomieë te beskerm, en die praktiese realiteite van boerdery in ag te neem.

### 6. Vaal Gamagara Fase 2-herstelprojek.

Die Vaal Gamagara Fase 2-herstelprojek behels onder meer die herstel van put-terreine, die vervanging van pyplyne tussen verskeie punte (Postmasburg–Roscoe, Trewil–Clifton, Kneukel–Trewil, Delportshoop–Kneukel, Roscoe–Olifantshoek en Clifton–Postmasburg), sowel as die opgradering van reservoirs en pompstasies by Clifton, Gloucester, Trewil, Kneukel en Beeshoek.

Uitstaande stappe voordat die projek hervat word sluit in die finalisering van die Pro Plan-kontrak, ondertekening van regsooreenkomste, aanstelling van 'n implementeringsagent, en die finalisering en versekering van projekbefondsing. Agri Noord-Kaap sal betrokke bly om te verseker dat lede se navrae en behoeftes na die regte kanale deurgegee word, en dat gepaste impakstudies gedoen word.

### 7. Samewerking met ORASECOM (Orange-Senqu River Commission).

'n Samewerkingsvergadering tussen Agri SA en ORASECOM is gehou. ORASECOM het sy mandaat en lopende programme uiteengesit, insluitend die Geïntegreerde Waterhulpbronbestuursplan, die Klimaatsweerbaarheid-beleggingsplan, die Vierde Gesamentlike Opvangsgebiedopname (JBS4), die Lesotho-Botswana-waterprojek, en die uitvoerbaarheidstudie vir die Vioolsdrift/Noordoewer-dam.

Agri Noord-Kaap het sy kwartaallikse waterkwaliteitmoniteringsprogram, wat die Middel-Oranje-, Laer-Vaal- en Laer-Oranjeriviere dek, met ORASECOM gedeel. ORASECOM het bevestig dat sodanige data die gesamentlike opvangsgebiedopname sal aanvul en tot langtermyn-tendensanalise sal bydra. Die voorgestelde uraanontginningsaktiwiteite in die Stampriet-grondwaterakwifer (in Namibië) is ook bespreek. ORASECOM het bevestig dat die aangeleentheid steeds deur die Namibiese regering oorweeg word. Beide partye het ooreengekom om die verhouding deur middel van 'n Memorandum van Verstandhouding te formaliseer, en kwartaallikse koördineringsvergaderings te hou.

### 8. Waterverbruikersverenigings en plaaslike terugvoering.

Terugvoering vanaf waterverbruikersverenigings dui oor die algemeen op stabiele en bevredigende bedryfstoestande, met Vaalharts en Oranjevaal wat goeie samewerking ervaar en geen wesenlike klagtes rapporteer nie. Kakamas rapporteer probleme met druk in die pyplynstelsel. By Calvinia was terugvoering oor boorgatwaterbestuur positief. Daar heers egter kommer oor administratiewe kwessies rondom die oordrag van rekeninge aan VOCMA, waar sommige boere twee rekeninge ontvang ten spyte daarvan dat hulle slegs een waterbron gebruik, 'n aangeleentheid wat opgevolg word.

## Samevatting.

Die afgelope jaar is gekenmerk deur beduidende wetgewende en regulatoriese verwikkelinge op beide die omgewings- en waterfront, met die Nasionale Waterwet-wysigings, grondwaterregulasies, waterhulpbronklassifikasie en PDALF-regulasies wat almal deurslaggewend sal wees vir die toekoms van georganiseerde landbou in die Noord-Kaap. Terselfdertyd bly operasionele kwessies, soos prospekteringsaansoeke, indringerplantspesies, plae, rampbestuur en die bestuur van naburige nasionale parke, 'n voortdurende bron van druk op grondeienaars.

Die ontwikkeling van 'n geïntegreerde databasis- en rapporteringsplatform, voortgesette samewerking met streeksvennote soos ORASECOM en GariepWatch, en Agri Noord-Kaap se aktiewe deelname aan openbare kommentaarprosesse, plaas die organisasie in 'n goeie posisie om lede se belange doeltreffend te verteenwoordig. Die Omgewingsake- en Watersakekomitees sal voortgaan om hierdie kwessies te monitor, en waar nodig verdere voorspraak, regsopinies en opleiding aan lede te bied.

# Ekonomie.

*Infrastruktuur, elektrisiteitsvoorsiening en die ekonomiese volhoubaarheid van die landbousektor.*

Die ekonomie van die Noord-Kaap is onlosmaaklik verbonde aan die gesondheid van sy landbousektor, en die landbousektor op sy beurt is afhanklik van betroubare padinfrastruktuur en volhoubare elektrisiteitsvoorsiening. Hierdie afdeling gee 'n oorsig van die belangrikste ekonomiese uitdagings en verwikkelinge wat Agri Noord-Kaap gedurende die afgelope verslagjaar namens produsente in die provinsie aangespreek het, met spesifieke fokus op padinfrastruktuur en elektrisiteitsvoorsiening as twee kritieke faktore vir ekonomiese volhoubaarheid.

Die verslagjaar is gekenmerk deur herhaalde vloedskade aan die padnetwerk, toenemende druk op elektrisiteitsvoorsiening, en aansienlike tariefverhogings wat die mededingendheid en winsgewendheid van die sektor bedreig. Agri Noord-Kaap het op verskeie vlakke opgetree, van direkte skakeling met die Departement van Paaie en Openbare Werke en SANRAL, tot formele voorleggings aan NERSA, om hierdie uitdagings namens sy lede aan te spreek.

| 4 472 km | 900 000+ | 28–35% |
|---|---|---|
| Nasionale padnetwerk in die Noord-Kaap na SANRAL-oordragte | Werksgeleenthede landswyd afhanklik van die landbousektor | Effektiewe elektrisiteitskoste-toename, FY2025–FY2026 |

## Padinfrastruktuur en die ekonomie.

Padinfrastruktuur bly een van die grootste ekonomiese risiko's vir die Noord-Kaapse landbousektor. Herhalende vloede sedert die einde van die droogteperiode van 2021 tot 2022, tesame met bogemiddelde reënval in 2025 en 2026, het wydverspreide skade aan die provinsiale padnetwerk veroorsaak. Hierdie skade beïnvloed nie net produsente se toegang tot markte nie, maar ook logistieke bedrywighede, landelike gemeenskappe en die algehele provinsiale ekonomie.

### Dringende versoek vir 'n provinsiale ramp-verklaring.

Op 5 Mei 2026 het Agri Noord-Kaap 'n dringende versoek aan die LUR vir Paaie en Openbare Werke, mnr Fufe Makatong, gerig vir die verklaring van 'n provinsiale ramp ten opsigte van padinfrastruktuur. 'n Kernbekommernis was dat padinstandhoudingswerk, veral die skraap van paaie, nie op 'n wyse uitgevoer word wat die impak van die vloed versag nie. Paaie word dikwels só gevorm dat water op die padoppervlak vasgekeer word. Dit skep dam-agtige toestande en vererger die skade aansienlik.

Hierdie situasie lei tot herhalende skade, verhoogde instandhoudingskoste en volgehoue uitdagings vir landbouprodusente, landelike gemeenskappe en logistieke operateurs. 'n Provinsiale rampverklaring sou toegang tot rampbestuursfondse moontlik maak, en die aanstelling van gekwalifiseerde kontrakteurs vir behoorlike padkonstruksie en -instandhouding fasiliteer.

Op 11 Mei 2026 het Agri Noord-Kaap die Nasionale Rampbestuursentrum se klassifikasie van die betrokke toestande as 'n Nasionale Ramp verwelkom. Sedert 4 Mei 2026 het ernstige reënval, oorstromings, donderstorms, skadelike winde en sneeuval verskeie provinsies, insluitend die Noord-Kaap, geraak. Willem Symington, President van Agri Noord-Kaap, het beklemtoon dat die verklaring

alleen nie die probleem sal oplos nie. Hy het 'n beroep op die Provinsiale Regering gedoen om sonder verwyl:

- Omvattende skadebepalings te doen.
- Die paaie wat die ergste geraak is te prioritiseer.
- Volhoubare padherstelstrategieë te ontwikkel en te implementeer.
- Die nodige befondsingsaansoeke by die Nasionale Tesourie in te dien.

### Terugvoering van die Departement van Paaie en Openbare Werke.

Tydens 'n vergadering op 24 Junie 2026 tussen Agri Noord-Kaap en die Departement van Paaie en Openbare Werke is bevestig dat veral die JTG-, ZF Mgcawu- en Namakwa-distrikte ernstige vloedskade opgedoen het. Omvattende skadebepalings is reeds gedoen, of is in finale fases, terwyl ontwerpverwante werk vir kritieke brûe en groot driwwe wat beskadig of weggespoel is, reeds aan diensverskaffers opgedra is.

Aangesien nasionale rampfondse dikwels maande, en soms byna 'n jaar, neem om beskikbaar te word, is die departement genoodsaak om bestaande begrotings te herprioritiseer, wat beteken dat beplande projekte gekanselleer of uitgestel moet word ten einde dringende vloedverwante herstelwerk aan te spreek. 'n Belangrike positiewe verwikkeling is die verkryging en ontplooiing van nuwe skrapers in verskillende distrikte om die instandhouding van gruispaaie te verbeter, alhoewel uitdagings met die mobilisering van kontrakteurs en tegniese kapasiteit, veral in Namakwa, voortduur.

Agri Noord-Kaap het die behoefte aan beter en meer gereelde kommunikasie sterk beklemtoon. Die gebrek aan terugvoering oor projekte, tydlyne en prioriteite skep toenemende frustrasie onder produsente wat afhanklik is van veilige en toeganklike paaie vir hul landboubedrywighede. Die departement het hierdie probleem erken, en verskeie opvolgaksies is ooreengekom, insluitend terugvoering oor tenders, vakante poste en vloedskade-inspeksies.

### Skakeling met SANRAL.

Agri Noord-Kaap het ook met SANRAL Noord-Kaap vergader om die nasionale padnetwerk se uitbreiding en uitdagings te bespreek. SANRAL se mandaat fokus primêr op Klas 1- en Klas 2-roetes, soos bepaal deur strategiese belang, ekonomiese waarde, verbinding met internasionale grensposte en verkeersvolumes. Die Noord-Kaapse SANRAL-netwerk het gegroei vanaf 3 959 km na 4 472 km, met 952 km wat in 2022 oorgedra is en 'n verdere 61 km in 2024. 'n Verdere ongeveer 336 km wag tans op finale goedkeuring.

'n Beduidende ekonomiese uitdaging is dat swaar mynverkeer, veral op manganeen-vervoerroetes, enorme druk plaas op padinfrastruktuur wat oorspronklik nie vir sulke vragmotorvolumes en -gewigte ontwerp is nie. Kritieke roetes wat spesifiek uitgelig is sluit in Britstown–Strydenburg, die N10-roete, die Hanover–Philipstown–Petrusville-korridor, Kuruman–Danielskuil, Danielskuil–Delportshoop, die Postmasburg-omgewing en die Mamatwan-pad. 'n Openbare-Private Vennootskap vir spoorverbetering word oorweeg as langtermynoplossing om vrag vanaf paaie na spoor te verskuif.

Die Noord-Kaap ontvang relatief min kapitale (CAPEX) befondsing weens laer verkeersvolumes, terwyl die vraag na kapitale projekte beskikbare fondse oorskry. Albei partye het ooreengekom om

kwartaallikse gesprekke te vestig, en Agri Noord-Kaap het aangebied om kwessies rakende mynverkeer en spoorvervoeroplossings na Agri SA en die Kamer van Mynwese te eskaleer.

## Eskom.

Betroubare en bekostigbare elektrisiteitsvoorsiening is 'n voorvereiste vir 'n funksionerende landbou-ekonomie, veral vir besproeiing, veewaterstelsels en verwerkingsbedrywighede. Gedurende die verslagjaar het Agri Noord-Kaap op twee fronte opgetree: die aanspreek van operasionele elektrisiteitsonderbrekings, en formele deelname aan die regulatoriese tariefproses by NERSA.

### Uitstaande kragfoute.

Agri Noord-Kaap het 'n dringende beroep op Eskom Distribusie in die Noord-Kaap gedoen rakende 'n groot aantal uitstaande elektrisiteitsfoute regoor verskeie boerderygebiede. Die foute kon nie tydig herstel word nie as gevolg van die uitputting van tegnici se oortyd-toekennings tydens die feestyd. Hierdie langdurige onderbrekings het direk besproeiingstelsels, veewaterstelsels, huishoudings van boere en werkers, sowel as toerisme-fasiliteite wat meer as 100 mense bedien, geraak, met sommige plase tot vyf dae sonder krag.

Gegewe die uiterste hittetoestande wat destyds in die provinsie geheers het, het die gebrek aan elektrisiteit en water 'n beduidende risiko vir lewensbestaan, voedselsekerheid, veewelsyn en menslike gesondheid ingehou. Agri Noord-Kaap het Eskom se dringende ingryping versoek om die herstel van hierdie foute te prioritiseer.

### Voorlegging aan NERSA oor Eskom se MYPD6-tariefaansoek.

Agri Noord-Kaap het 'n formele voorlegging aan NERSA gemaak rakende Eskom se hersiening van sy Reguleerbare Bate Basis (RAB) vir opwekking, as deel van die MYPD6-tariefproses. Die kernboodskap was dat slegs ekonomies lewensvatbare, operasionele en bruikbare bates in die RAB ingesluit moet word, om verbruikers te beskerm teen betaling vir verouderde of nie-presterende bates.

Agri Noord-Kaap het onder meer aanbeveel dat NERSA onafhanklike verifiëring van batewaardasies vereis, streng regulatoriese toesig toepas, en opbrengste aan operasionele doeltreffendheid koppel. Ten opsigte van werkkapitaal het Agri Noord-Kaap NERSA se standpunt ondersteun dat steenkoolvoorraad tot 'n maksimum van 42 dae toelaatbaar behoort te wees.

Die voorlegging het beklemtoon dat landbou-elektrisiteitsverbruikers reeds effektiewe koste-toenames ver bo die 12,7% wat deur NERSA in Januarie 2025 goedgekeur is, ervaar. Die sektor het toenames van tussen 23% en 35% van FY2025 tot FY2026 in die gesig gestaar, en staar nou 'n verdere toename van 10,3% vir FY2026/2027 in die gesig. Hierdie kumulatiewe toenames beperk landbou se vermoë om lewensvatbaar te bly en om Suid-Afrika se voedselsekerheid te handhaaf. Die landbousektor bied werksgeleenthede aan meer as 900 000 mense, maar ontvang nie dieselfde tariefverligting as ander sektore nie.

### Dieselkorting.

Agri Noord-Kaap bly aktief betrokke by gesprekke oor die veranderinge in die dieselkorting. In samewerking met Agri SA en Graan SA is 'n belangrike deurbraak gemaak om te verseker dat kwalifiserende gebruike vir die volle 100% toelaatbare korting in aanmerking kom.

SARS sou die nuwe registrasiestelsel reeds in Desember 2025 begin toets, maar het die implementering na September 2026 verskuif. Agri Noord-Kaap wil lede maan om seker te maak dat enige korting-eise wat ingedien word, aan SARS se voorgeskrewe vereistes voldoen.

Geskrewe logboeke by dieseltenks bly op hierdie stadium 'n vereiste. Daar is egter steeds nie voldoende duidelikheid vanaf SARS oor die presiese formaat en inhoud van die vereiste logboek nie. Agri Noord-Kaap sal lede op hoogte hou namate verdere riglyne beskikbaar gestel word.

## Ekonomiese impak en gevolgtrekking.

Die uitdagings rondom padinfrastruktuur en elektrisiteitsvoorsiening is nie geïsoleerde kwessies nie, maar direk verweef met die ekonomiese lewensvatbaarheid van die Noord-Kaapse landbousektor. Beskadigde paaie verhoog vervoerkoste, vertraag toegang tot markte, en plaas logistieke druk op produsente en mynbedrywighede. Onbetroubare elektrisiteitsvoorsiening en stygende tariewe bedreig besproeiing-afhanklike produksie, volhoubaarheid en werkskepping in 'n sektor wat reeds onder aansienlike finansiële druk verkeer.

Agri Noord-Kaap het gedurende die verslagjaar 'n aktiewe en konstruktiewe rol gespeel deur voortdurende skakeling met die Departement van Paaie en Openbare Werke, SANRAL, Eskom, SARS en NERSA. Hierdie skakeling het reeds tot konkrete uitkomste gelei, insluitend die nasionale rampverklaring, die ontplooiing van nuwe instandhoudingstoerusting, en die vestiging van gereelde kwartaallikse gesprekke met SANRAL.

Agri Noord-Kaap sal voortgaan om namens sy lede op te tree deur prioriteitslyste van kritieke infrastruktuur saam te stel, en verdere eskalering na Agri SA en relevante nasionale departemente te oorweeg, asook om die regulatoriese proses by NERSA op te volg. Volgehoue samewerking tussen die landbousektor, provinsiale en nasionale regering, SANRAL en Eskom bly noodsaaklik om die ekonomiese toekoms van die Noord-Kaap se landbougemeenskappe te beveilig.

# Oudit- en risikokomitee.

Die Oudit- en Risikokomitee het gedurende die 2025/2026-boekjaar voortgegaan om toesig te hou oor Agri Noord-Kaap se finansiële bestuur, interne beheermaatreëls, risikobestuur en administratiewe prosesse. Die komitee het gereeld vergader om die organisasie se finansiële posisie, nakoming van beleid en prosedures, asook toekomstige finansiële volhoubaarheid te monitor.

Die fokus van die komitee was om te verseker dat die organisasie se hulpbronne verantwoordelik bestuur word, dat voldoende interne kontroles bestaan, en dat risiko's tydig geïdentifiseer en bestuur word.

## Finansiële bestuur en ouditdienste.

Een van die belangrikste aangeleenthede wat gedurende die verslagjaar aandag geniet het, was die hersiening van die organisasie se finansiële diensverskaffers en ouditfunksies.

Na deeglike oorweging van verskeie aanbiedinge is besluit om alternatiewe diensverskaffers te ondersoek, ten einde groter kostedoeltreffendheid te verseker sonder om die gehalte van dienslewering in te boet. Die komitee het die proses gemonitor en terugvoering ontvang oor die vergelyking van verskillende aanbiedinge.

Die oorgang na nuwe finansiële diensverskaffers word op 'n beheerde wyse bestuur om kontinuïteit van dienslewering en nakoming van alle statutêre vereistes te verseker. Die organisasie bly verbind tot onafhanklike ouditering en goeie finansiële bestuur.

## Lidmaatskap- en ander inkomste.

Die komitee het daarvan kennis geneem dat die invordering van affiliasiegelde, lidmaatskapsgelde en waterheffings gedurende die verslagjaar suksesvol afgehandel is. Hierdie prestasie het 'n belangrike bydrae gelewer tot die organisasie se finansiële stabiliteit en kontantvloei. Daar is ook voortgegaan met die monitering van uitstaande bedrae en die verbetering van administratiewe prosesse rakende fakturering en invordering.

## Versekering en risikobestuur.

Die komitee het gedurende die jaar die organisasie se korttermynversekering hersien as deel van sy voortdurende fokus op risikobestuur. Verskeie alternatiewe aanbiedinge is ondersoek ten einde te verseker dat Agri Noord-Kaap oor voldoende dekking beskik vir die volgende:

- Bestuurders en ampsdraers.
- Werknemers.
- Organisasie-eiendom.
- Potensiële aanspreeklikheidsrisiko's.

Die komitee het beklemtoon dat risikobestuur nie slegs oor koste gaan nie, maar ook oor die beskerming van die organisasie se bates en mense.

## Interne finansiële kontroles.

Die Oudit- en Risikokomitee het verder sterk klem gelê op finansiële dissipline, interne beheermaatreëls en onafhanklike verifiëring van finansiële rekords. Maandelikse finansiële state, bankrekonsiliasies en verwante dokumentasie is gereeld hersien om te verseker dat:

- Finansiële rekords akkuraat is.
- Rekonsiliasies betyds afgehandel word.
- Risiko's vroegtydig geïdentifiseer word.
- Finansiële verslagdoening betroubaar bly.

Die komitee het ook die waarde van onafhanklike kontrole en verifiëring beklemtoon as deel van goeie korporatiewe bestuur.

## Beleggings en kontantvloei.

Gedurende die verslagjaar het die komitee spesifieke aandag gegee aan die bestuur van die organisasie se beleggings en kontantvloei. Besprekings het gefokus op die gebruik van fondse vanuit die geldmarkfonds, die impak daarvan op beskikbare reserwes, en die belangrikheid van langtermyn finansiële volhoubaarheid.

Die komitee het groter sigbaarheid versoek rondom die verband tussen onttrekkings uit beleggingsfondse en die uitgawes waarvoor die fondse aangewend word. Hierdie proses sal toekomstige finansiële beplanning en besluitneming verder ondersteun.

## Bankdienste en finansiële doeltreffendheid.

As deel van die voortdurende fokus op kostebestuur en doeltreffendheid het die komitee ook verskeie bank- en finansiële diensopsies oorweeg. Vergelykende studies is onderneem om te verseker dat die organisasie toegang het tot die mees geskikte en koste-effektiewe finansiële produkte en dienste. Hierdie proses vorm deel van die organisasie se verbintenis tot verantwoordelike finansiële bestuur.

## Beleide, nakoming en databeskerming.

Die komitee het voortgegaan om toesig te hou oor die organisasie se beleidsraamwerk en nakomingsverpligtinge. Daar is bevestig dat bestaande databeskermingsmaatreëls en POPIA-prosesse steeds in werking is, en dat geen noemenswaardige risiko's of afwykings gedurende die verslagjaar geïdentifiseer is nie. Die komitee het verder ook relevante beleide periodiek hersien om te verseker dat dit in lyn bly met wetgewing, beste praktyke en die behoeftes van die organisasie.

## Bate- en administratiewe bestuur.

Gedurende die verslagjaar is die organisasie se bateregister opgedateer en geverifieer. Die komitee het daarvan kennis geneem dat administratiewe beheer oor organisasiebates bevredigend funksioneer, en dat rekordhouding op datum gehou word. Hierdie proses dra by tot goeie korporatiewe bestuur en die beskerming van organisasiebates.

## Digitale transformasie en kunsmatige intelligensie.

Die Oudit- en Risikokomitee het gedurende die jaar begin ondersoek instel na die moontlike gebruik van digitale platforms en kunsmatige intelligensie (AI) om administratiewe doeltreffendheid te verbeter. Besprekings het gefokus op die potensiaal van nuwe tegnologie om:

- Dokumentasieprosesse te verbeter.
- Notules en verslae meer doeltreffend op te stel.
- Administratiewe werkslading te verminder.
- Kennisbestuur te versterk.

Die komitee het egter beklemtoon dat enige implementering gepaard moet gaan met voldoende aandag aan databeskerming, inligtingsekuriteit en organisatoriese beheermaatreëls.

## Reis- en verblyfbeleid.

Gedurende die verslagjaar het die komitee ook die organisasie se reis- en verblyfbeleid hersien om te verseker dat uitgawes verantwoordbaar, billik en in lyn met die organisasie se finansiële vermoë bestuur word. Hierdie proses vorm deel van die breër fokus op kostebestuur en verantwoordelike aanwending van ledegeld.

# Slotwoord.

Die 2025/2026-boekjaar het bevestig dat georganiseerde landbou in die Noord-Kaap voortdurend te make het met 'n wye reeks regulatoriese, ekonomiese en operasionele uitdagings. Van grondhervorming en arbeidswetgewing tot landelike veiligheid, waterbestuur en infrastruktuur, het Agri Noord-Kaap deurgaans opgetree as 'n konstruktiewe en doelgerigte verteenwoordiger van sy lede se belange.

Deur volgehoue skakeling met regeringsdepartemente, wetstoepassingsagentskappe, Agri SA se Sentrums van Uitnemendheid en streeksvennote, het die organisasie tasbare vooruitgang getoon op verskeie fronte, terwyl dit ook waaksaam gebly het oor opkomende risiko's wat die volhoubaarheid van die landbousektor kan raak.

Agri Noord-Kaap bedank sy komitees, lede en vennote vir hul volgehoue ondersteuning en insette gedurende die verslagjaar, en sien uit daarna om hierdie werk voort te sit ten bate van 'n volhoubare en mededingende landbousektor in die provinsie.